



NPO 275-527

## ***EDEN TWEEKAMP•BIATHLON***

108 Jan van Riebeeck Rd, OUDTSTHOORN, 6625 082-7734901



[davesusvdw@gmail.com](mailto:davesusvdw@gmail.com)

[www.edenbiathlon.com](http://www.edenbiathlon.com)

---

# **EDEN TWEEKAMP VOORSITTERSVERSLAG 2025 / 2026**

Aangebied deur:

**Stephnie McKay**

Voorsitter

## **EDEN TWEEKAMP: VOORSITTERSVERSLAG**

Dit is vir my 'n groot eer en voorreg om as Voorsitter van die Eden Tweekamp Federasie hierdie verslag aan u voor te lê. Hierdie verslag bied 'n terugblik op die afgelope jaar se aktiwiteite, prestasies en uitdagings, sowel as ons pad vorentoe. Die afgelope jaar was vol uitdagings, maar ook merkwaardige hoogtepunte, waaronder die SA-kampioenskappe, Highgate Interprovinsiaal en die groei in die aantal atlete van week tot week. Dit wys dat ons sport in ons streek groei en sterker word.

Die jaar het vir ons federasie nuwe uitdagings en geleenthede ingehou. Ten spyte van beperkte hulpbronne, vrywilligers en die voortdurende druk wat sportorganisasies ervaar, kan ons trots wees op die groei en vooruitgang wat binne Eden Tweekamp gerealiseer is. Ons atlete, bestuur en beamptes het met toewyding gewys dat hierdie sport in ons streek 'n sterk en volhoubare toekoms het.

Eden Tweekamp het 'n besige jaar gehad met die Highgate Kampioenskappe wat weereen 'n groot sukses was wat meer as 500 atlete getrek het. Die SA Kampioenskappe wat in samewerking met die SA Bestuur ook in Oudtshoorn gehou is en het 900 atlete getrek het. Hierdie is slegs die groot byeenkomste wat genoem is maar al 5 liga byeenkomste, Eden Kampioenskappe, ontwikkelingsklinieke en kapasiteit werksinkels wat suksesvol voltooi is gedurende seisoen en die groei van atlete by elke byeenkoms was dit nie net 'n besige seisoen nie maar beslis 'n suksesvolle 2025/2026-seisoen

### **ONTWIKKELINGS KLINIEKE EN WERKSWINKELS :**

#### **KNYSNA ONTWIKKELINGS KLINIEK :22 OKTOBER 2025**

Op Woensdag 22 Oktober het Eden Tweekamp, met die ondersteuning van DCAS, 'n ontwikkelingskliniek by Laerskool Knysna aangebied, waaraan skole van Plet, Greenwood en Knysna deelgeneem het. Afrigter en Springbok Marius Schlechter (hardloop) en Protea Gustav Schlechter het 34 entoesiastiese jong atlete deur die program geneem. Jana Botha het uitstekend as plaaslike organiseerder opgetree, terwyl Dave van der Walt na die algemene organisasie omgesien het. Motiveringspryse is aan

Aiden, Cenzo, Nobo en Asher Mwaita toegeken. Ná die swem is almal met verversings bederf.



#### **HESSEQUA-ONTWIKKELINGSKLINIEK IN RIVERSDAL**

Op Woensdag 25 Februarie 2026 het Eden Tweekamp, met die ondersteuning van die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake en Sport, die Hessequa-ontwikkelingskliniek by HLS Oakdale in Riversdal aangebied. 30 persone het daaraan deelgeneem. Vir die eerste keer is ook van 'n ontwikkelingsafrigter gebruik gemaak. Francois Macquasi (hardloop) en Milandi van Zyl (swem) was die afrigters, met Leana Robinson as plaaslike organiseerder

en Dave van der Walt as organiseerder. Caleb Richards (hardloop) en Tijoma Roeleveld (swem) het die motiveringspryse ontvang. Baie geluk – uitstekende terugvoering is ontvang. Ná die kliniek is die deelnemers met heerlike verversings bederf.



## VROUE- EN LEIERSKAPWERKSWINKEL – 8 NOVEMBER 2025

Jana Botha (Eden- uitvoerende komitee) het Eden Tweekamp oor twee dae by die Vroue- en Leierskapwerkswinkel in George verteenwoordig. Die werkswinkel is deur die Eden Sportraad met die ondersteuning van DCAS aangebied. Só ontwikkel ons sportleiers vir die toekoms.



## KAPASITEITSBOU-WERKSWINKEL – 12 NOVEMBER 2025

### KAPASITEITSBOU-WERKSWINKEL VIR VROUE EN PERSONE MET SPESIALE BEHOEFTE

Op 12 November 2025 het Eden Tweekamp sy jaarlikse kapasiteitsbou-werkswinkel by die Eden Sportakademie in Oudtshoorn aangebied, met die ondersteuning van DCAS. Die tema was “Tydwaarneming in sport – ’n praktiese toepassing”. Die 34 deelnemers het praktiese opleiding van Delia van Biljon (swem) en Dave van der Walt (baan) ontvang. Stephnie McKay (voorsitter) het almal verwelkom, waarna Jean Neethling (DCAS) die werkswinkel geopen en ook die sertifikate oorhandig het. Regina Wicomb (CANS) het ’n interessante gesprek met die gehoor gevoer oor kanker en vroeë voorkoming. Aan die einde is almal met ’n ligte ete en verversings bederf. Baie dankie aan almal wat bygedra het tot die sukses van hierdie geleentheid!



## BRIDGTON-ONTWIKKELINGSKLINIEK SLUIT EDEN TWEKKAMPSEISOEN AF



Eden Tweekamp het met die ondersteuning van DCAS hierdie finale aktiwiteit op 10 Maart in Oudtshoorn aangebied. 34 persone het deelgeneem, waartydens John April (hardloop) en Delia van Biljon (swem) die atlete van Laurus Laerskool en Eljada in 38 °C afgerig het. Motiveringspryse is aan Cayrah Fielies (hardloop) en Richi Jonkers (swem), albei van Laurus Laerskool, toegeken. Die ontwikkelingskliniek is deur Dave van der Walt, Eden Tweekamp se operasionele bestuurder, georganiseer. Die atlete is ná afloop met ligte verversings bederf.

## WIMPY DOUBLES

24 spanne het op Dinsdag 27 Januarie aan die gewilde WIMPY DOUBLES-byeenkoms in Oudtshoorn deelgeneem. Die konsep van die byeenkoms is dat elke span uit 'n aktiewe tweekamper bestaan wat een been (swem of hardloop) doen, terwyl die ander lid die ander been voltooi. Die ontwikkelingsbyeenkoms word deur DCAS ondersteun en deur WIMPY geborg. Die winners was soos volg:

- 1 Champions [Libby Swanepoel & Misha Meyer] 2145
- 2 Laps & Laces [Alrie Eloff & Lheanè du Plessis] 2125
- 3 Storm Dragons [Jean de Villiers & Daniel Martin] 2120

Beste Swempunt Lheanè du Plessis 1080

Beste Hardlooppunt Jean Botha 1110



## BYEENKOMSTE

- **LIGA 1: KNYSNA - 14 Okt 2025: 130 ATLETE**
- **EDEN-PROEWE – 21 Okt 2025: 154 ATLETE**

## OP INTERPROVINSIALE SPAN



Die sterk Eden Tweekampspan van 77 atlete het op 1 November goed presteer tydens die EP Interprovinsiaal, ondanks die afwesigheid van 'n groot aantal van ons topatlete. Tydens die goed georganiseerde byeenkoms het Eden 15 medaljes verower, waarvan 9 goud was. Baie geluk aan:

### U/8 BOYS:

1. Tiaan Terblanche
2. Simeon Bezuidenhout

### U/8 GIRLS:

1. Bea Kitching

### U/9 BOYS:

1. Liam de Wet
2. JW Viljoen

### U/9 GIRLS:

2. Ella Coetzee

### U/11 BOYS:

1. De Wet Venter

### U/11 GIRLS:

3. Leah de Wet

### U/15 BOYS:

1. Hallett Swanepoel

### U/15 GIRLS:





NPO 275-527

# EDEN TWEEKAMP•BIATHLON

108 Jan van Riebeeck Rd, OUDTSTHOORN, 6625 082-7734901



[davesusvdw@gmail.com](mailto:davesusvdw@gmail.com)

[www.edenbiathlon.com](http://www.edenbiathlon.com)

1. Leah Hopper
2. Kayla Douglas

## **JNR MEN:**

2. Matthew Benn

## **MASTERS 40+ MEN:**

1. Marsel Roos
2. Attie Viljoen

## **LADIES 40+:**

3. Meghan Mavrodaris

## **FASTEST 400M RUNNER FOR THE DAY:**

De Wet Venter

## **TOP JUNIOR SCHOOL:**

Knysna Primary

## **TEAM COMPETITION:**

1. EP
2. Eden
3. Border
4. South Freestate

Baie dankie aan die Eden-spanbestuur vir hulle tyd, moeite en passie met die bestuur van die Eden-spanne.

## **EDEN-PROEWE - 20 Jan 2026: 250 ATLETE**

Die 2026-gedeelte van die Eden Tweekampseisoen het op Dinsdag 20 Januarie afgeskop met 'n baie suksesvolle Eden-Proewebyeenkoms met meer as 250 atlete om 'n plek in die Eden-spanne wat op 7 Februarie aan die Highgate Interprovinsiaal, ook in Oudtshoorn, sou deelneem

## **DRIE NUWE EDEN-REKORDS**

- S/8 - Simeon Bezuidenhout 2113,60
- S/13 - Judah Spies 2117,39
- Dames Junior - Cornel Kruger 2027,97

Die DCAS/Groter Oudtshoorn/Highgate Interprovinsiale Tweekampbyeenkoms is vir die 33ste keer in



Oudtshoorn aangebied en was in meer as een opsig 'n reuse sukses. Deelnemers het dit as een van die beste byeenkomste nog beskryf. Daarbenewens het die NA Smit-swembad vir die eerste keer in sy geskiedenis 'n dak gekry. 560 deelnemers het in die "koelerige" Oudtshoorn aan 'n goed georganiseerde byeenkoms deelgeneem. Een SA- en nege Highgate-rekords is verbeter en talle atlete het hul persoonlike beste prestasies verbeter. Eden spog met 22 medaljes (6 goud, 9 silwer en 7 brons). Die spesiale behoeftes-



atlete het ook 6 medaljes verower. Pierre Spies het nie net die Highgate-rekord verbeter nie, maar is ook as Junior Victor Ludorum aangewys. Boland het die spankompetisie gewen, met WP tweede en Eden derde. In die skolekompetisie het Eden gewys dat die toekoms goed lyk. Die laerskoolkompetisie is deur George-Suid Laerskool gewen, met Outeniqua Laerskool in die tweede plek. In die hoërskoolkompetisie het Hoërskool Outeniqua die tweede plek behaal, met HLS Oakdale derde.

### **LIGAS:**

- **MOSELBAAI-LIGA**

Op 13 Februarie 85 atlete

- **GEORGE -LIGA**

Op 17 Februarie 172 atlete

- **OUDTSHOORN LIGA 4**

Op 24 Februarie 135 atlete

- **EDEN TWEKAMP-KAMPIOENSKAPPE**

Net meer as 180 atlete het op Dinsdag 3 Maart meegeding om 'n medalje en 'n plek in die Eden-span na die SA-kampioenskappe (20/21 Maart) in Oudtshoorn. Drie Eden-rekords is ook verbeter:

- D/8 Bea Kitching
- S/13 Judah Spies
- Jun Dames Cornel Kruger

Die motiveringspryse is toegeken aan die drie topatlete van die kampioenskappe:

- Hardloop Mellissa Meyer
- Swem Marco Botha
- Algeheel Judah Spies





Eden Tweekamp het die jaar op 'n hoë noot afgesluit met deelname aan die 49ste SA Tweekampkampioenskappe in Oudtshoorn op 20/21 Maart. Die span van 95 het sterk tussen die groot provinsies meegeding en vierde geëindig ná WP (wenners), Boland en Gauteng-Noord. In die junior afdeling het Eden derde geëindig. Marsel Roos (10) en Mandi Wallace (20) is vereër vir hul aantal deelnames aan SA's. Eden spog met 7 medaljes, plus 6 medaljes vir die SB-atlete.

Geluk aan:

0/9 S Liam de Wet silwer

0/13 S Judah Spies silwer

0/15 D Leah Hopper brons

0/15 S Pierre Spies goud en nuwe SA rekord

MD40 Leane Labuschagne brons

MM40 Marsel Roos silwer

MM70 Johan Windt brons

SB Michelle Lombard, Elizabeth Botes, Miena Baardman, Maja Ehlers, Jannie Lourens en Danie Botes met hulle goud!

In die skole kompetisie wys Eden sy krag: Laerskole - George-S [SA kampioene] met Outeniqua LS derde en hoërskole Outeniqua Hoër ook gekroon as SA kampioen



Groot dankie aan al ons atlete, ouers, beamptes, spanbestuur, bestuur, borge en ondersteuners - julle dra ons! 5 SA rekords is ook verbeter! Die 50ste SA Kampioenskappe is weer in 2027 aan Oudtshoorn toegeken - sien julle daar!

**ADMINISTRASIE:** Die Federasie het beduidende vordering gemaak met verslagdoening, organisasiestrukture en kommunikasie, wat tot beter bestuur en 'n sterker profiel binne die sportgemeenskap bydra.



Tydens die amptelike DCAS CHO funksie in die Maritieme Museum, Mosselbaai, op Vrydag 26 Junie, het die Wes-Kaapse Minister Kultuursake & Sport, Ricardo McKenzie, befondsing van R5,6m aan 34 Eden sportfederasies en ander sportinstansies, sport feeste en vir 52 groot geleenthede oorhandig. Hierdie fondse word onderwerp aan streng monitering en

verslag- doening - aldus Desmond Speelman, Eden Sportraad voorsitter. Die Wes-Kaap is die enigste provinsie wat diesulke toekennings doen om sport te ontwikkel en om die Wes-Kaap die voorkeur venue te maak vir provinsiale, nasionale en internasionale byeenkomste. Dave van der Walt [operasionele bestuurder] het namens Eden Tweekamp hulle toekenning in ontvangs geneem. Dië befondsing word hoofsaaklik toegeken vir administrasie, ontwikkeling, transformasie, kapasiteitsbou en groot geleenthede! Namens Eden Tweekamp 'n GROOT DANKIE



## **BESTUURSLEDE & BEAMPTES**

Die bestuurslede het in hul onderskeie posisies 'n groot verskil gemaak en die Voorsitter, Stephnie McKay, gedurende die seisoen bygestaan: Leana Robinson (vise-voorsitter), Magdel Kotze (digitale ontwikkeling, webwerf, Facebook en nuwe kleredrag) en die operasionele bestuurder, Dave van der Walt, wat steeds as mentor vir die jonger garde dien en 'n groot bydrae tot die sukses van die 2025/2026-seisoen gelever het. Groot dank ook aan al ons beamptes en Corne Botha (Jakhals Event Management), wat pligsgetrou by elke byeenkoms vrywillige dienste lewer om Eden Tweekamp te bevorder. Julle opofferings en dienste word opreg waardeer.



## **UITDAGINGS**

Ons het egter ook struikelblokke teëgekom:

- Finansiële beperkinge.
- Te min Beamptes
- Optrede en respek teenoor Eden Biathlon beamptes deur ouers
- Laat Inskrywings
- Atlete wat inskryf en nie op daag nie.
- Fasiliteits kostes

## **VOORUITSIGTE EN TOEKOMSVISIE**

**Ons visie vir die komende jaar is duidelik en doelgerig:**

- Die uitbreiding van ons Senior atlete om selfs ouer atlete by die sport te betrek (ma/pa/ouma/oupa).
- Die opleiding van beamptes om volhoubare groei en kwaliteit by byeenkomste te verseker.
- Die bou van vennootskappe met borge en plaaslike owerhede vir finansiële en logistieke ondersteuning.
- Suksevolle en volhoubare byeenkomste aan te bied met die groei van atlete

## **BEDANKINGS**

- Ek wil 'n woord van opregte dank uitspreek aan:
- My medebestuurslede vir hulle lojale en professionele bydraes.
- Die beamptes wat ure opoffer om ons atlete te ondersteun.
- Die ouers wat met trots en deursettingsvermoë agter ons atlete staan.
- Ons borge en vennote wat steeds in Eden Tweekamp glo en ons ondersteun.
- Die Departement van Kultuursake en Sport van die Weskaap, en in die besonder die plaaslike EDEN-kantoor [Jean Neethling] vir hulle onbaatsugtige ondersteuning en fisiese bystand.
- Aan ons plaaslike media vir hulle volgehoue ondersteuning;
- Aan alle skole en klubs wat hulle beywer vir die ontwikkeling van ons sportsoort;
- Aan al ons atlete wat so getrou die ligabyeenkomste bywoon;
- Aan die munisipaliteit van Oudtshoorn en ander instansies vir die beskikbaarstelling van hulle fasiliteite en geriewe;
- Aan Dave en Leana wat altyd net 'n oproep weg is en op wie se knoppie ek kan druk teen alle tye
- Aan ons dierbare Vader wat ons die krag en genade gee om hierdie taak te verrig.



NPO 275-527

# **EDEN TWEEKAMP•BIATHLON**

108 Jan van Riebeeck Rd, OUDTSTHOORN, 6625 082-7734901



[davesusvdw@gmail.com](mailto:davesusvdw@gmail.com)  
[www.edenbiathlon.com](http://www.edenbiathlon.com)

---

## **AFSLUITING**

Die afgelope jaar was een van groei, deursettingsvermoë en trots. Eden Tweekamp is op 'n goeie koers, en ek is vol vertroue dat ons, met volgehoue toewyding en samewerking, hierdie sport tot nuwe hoogtes kan neem.

Mag ons as federasie voortgaan om ons atlete te inspireer en 'n platform te skep waar hulle drome en talent kan floreer.

Baie dankie.

Stephnie McKay

Voorsitter